UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

FACULTY	**FACULTY OF EDUCATION AND HUMAN SCIENCES**		
SCHOOL	**SCHOOL OF EDUCATION**		
DEPARTMENT	**DEPARTMENT OF INTERMEDIATE AND VOCATIONAL EDUCATION**		
SUBJECT	**AFRIKAANS LANGUAGE EDUCATION 3A**		
SUBJECT CODE	**E3771IF**		
DATE	**JUNE 2026**		
DURATION	**3 HOURS**	**MARKS**	**100**

SECOND OPPORTUNITY

Examiner: Ms Nicolette Steyn
Moderator: Dr Linette van der Merwe

INSTRUCTIONS

This paper consists of 9 pages, including the cover page.

1. **Answer all the questions in your answer book.**
2. **Number as in the question paper.**
3. **Write neatly and legibly.**
4. **Follow instructions to earn the allocated marks.**

UNIVERSITY OF NAMIBIA EXAMINATIONS

VRAAG 1 (SILLABUSSE, LEESONTWIKKELING EN LEESTEORIEë)

1.1. Op watter **vier aspekte van leesonderrig** fokus die gr. 4-7 Afrikaanse Eerste- en Tweedetaalsillabusse? **(4)**

1.2. Beantwoord die volgende multikeuse vrae deur net die **vraagnommer en die letter (a/b/c)** langsaan neer te skryf. **(10)**

1.2.1. Die *Simple View of Reading* bestaan uit die volgende twee fundamentele komponente:

a. letters en klanke
b. dekodeervaardigheid (woordherkenning) en taalbegrip
c. woordkeuse en taal

1.2.2. In Chall se tabel oor die fases van leesontwikkeling is **fase nul (0)** die fase waarin kinders nog nie regtig kan lees nie, maar hulle vertoon leesgedrag. Hierdie fase word die volgende **genoem**:

a. Beginnerlees

b. Pseudolees

c. Vlotheidverwerwing

1.2.3. In Chall se tabel oor die fases van leesontwikkeling word **fase drie (3)** "Lees om te leer" genoem en die leerlinge in hierdie fase is die volgende ouderdomme:

a. 7 tot 8 jaar oud

b. 9 tot 13 jaar oud

c. 15 tot 17 jaar oud

1.2.4. Alles wat ons lees, kan in **twee groot kategorieë** ingedeel word:

a. Belangstelling en Behoefte

b. Behoefte en Bruikbaarheid

c. Belangstelling en Bruikbaarheid

1.2.5. Kies 'n **sinoniem** vir die behavioristiese siening:

a. Top-down

b. Down-bottom

c. Bottom-up

1.2.6. Kies 'n **sinoniem** vir die psigolinguistiese siening:

a. Top-up

b. Bottom-up

c. Top-down

1.2.7. Die **behavioristiese siening** bestaan uit die volgende aspekte:

a. Klanke, woorde, paragrawe, betekenis

b. Letters, woorde, sinne, paragraaf, teks, betekenis

c. Ervarings, taalbegrip, betekenis

1.2.8. Die **psigolinguistiese siening** bestaan uit die volgende aspekte:

a. Ervarings, Onderwyser se Verwysingsraamwerk, Betekenis

b. Woorde, Taalkennis, Emosies, Betekenis

c. Kennis, Ondervinding, Emosies, Leerder se Verwysingsraamwerk, Betekenis

1.2.9. Die volgende leesmetodes word onder die **Vaardigheidsverwerwingsteorie** geklassifiseer:

a. Die alfabetmetode, klankmetode, kyk-en-sê-metode en die eklektiese metode

b. Die gekombineerde- en singewingsmetode

c. Die alfabet- en taalbelewenismetode

1.2.10. Die volgende leesmetodes word onder die **Singewingsteorie** geklassifiseer:

a. Die gekombineerde- en singewingsmetode

b. Die eklektiese en taalbelewenismetode

c. Die taalbelewenismetode en die heeltaalmetode.

[14]

VRAAG 2 (LEESPROSES EN LEESTEGNIEKE)

2.1. Noem en bespreek die **drie fases** van die **leesproses.** **(9)**

2.2. Verduidelik breedvoerig wat verstaan u onder **oorsiglees/vluglees, soeklees en verkenlees.** **(6)**

2.3. Stel nou drie (3) vrae **per leestegniek in 2.2.** op wat jy as onderwyser vir die leerlinge kan vra om elke leestegniek te toets. **(9)**

[24]

VRAAG 3 (WOORDESKATUITBREIDING)

3.1. Watter **vaardigheid** wat ons in die Afrikaanse klas behandel en beoefen, is die **kern van woordeskatuitbreiding?** **(1)**

3.2. Watter vier aspekte word deur die kenners aanbeveel om die **woordeskat van leerders te help uitbrei?** **(4)**

3.3. Dink jy die volgende woordkaart is 'n **goeie aktiwiteit** om vir leerlinge te gee sodat hulle hul woordeskat kan uitbrei? Motiveer jou antwoord **volledig.** **(5)**

Woordkaart	
Naam:	**Datum:**
WOORD: _____ **Uitspraak** _____ **Definisie en woordsoort**: **Dit klink soos** *OF* **Dit rym met** ____	
Maak 'n sin met die woord sodat jy die woord maklik kan onthou. Teken 'n prentjie om jou sin te illustreer.	
Skryf nog een sin waarin jy die woord gebruik:	

LeAnn Nickelson: *Memorizing strategies & other brain-based activities that help kids learn, review and recall.*

[10]

VRAAG 4 (HARDOPLEES)

4. Lees die gedig **'n Brulpadda in my tas"** in **Bylaag A**. U gebruik hierdie gedig in een van u lesaanbiedinge vir u **Graad 6 Tweedetaalklas**. U moet 'n **hardopleesles** aanbied waarin u hierdie gedig gebruik.

4.1. Pas die **definisies** in kolom A by die **hardopleestegnieke** in kolom B. Skryf slegs die **nommer (1-6)** uit kolom **A** neer met die **bypassende woorde** uit kolom **B**. **(6)**

KOLOM A:	KOLOM B:
1. By kommas en aandagstrepe kort ruspouses, by kommapunte langer, maar by punte, vraagtekens en uitroeptekens die langste ruspouse.	Toon/Volume
2. Woordklem moet op die regte lettergreep geplaas word. Sinsklem moet op die regte word geplaas word.	Liggaamstaal en gesigsuitdrukking
3. Lees met 'n egalige stemtoon en nie te hard/sag nie.	Lees van leestekens
4. Wees geïnteresseerd in die teks. Staan mooi regop. Glimlag as dit snaaks is en lyk hartseer as jy iets hartseer lees.	Stemgebruik
5. Maak seker dat jy al die woorde kan uitspreek. By voorbereide lees kan jy iemand vra om na jou te luister en jou reg te help waar jy woorde verkeerd uitspreek voordat jy geassesseer word.	Intonasie
6. Om te verhoed dat jy vervelig of irriterend klink, gebruik tegnieke soos wisseling van infleksie/toonhoogte, tempo, pouses, klem, volume, gemoedstemming of stemtoon.	Vlotheid
	Uitspraak

4.2. Skryf stapsgewys neer wat u in die **Wek-en-rig-fase** gaan doen. **(4)**

4.3. **Aanbieding:** Skryf die stappe neer om die hardopleestegnieke sinvol te onderrig aan die hand van die **gedigkonteks** in Bylaag A. (NB: jy moet die inhoud van die gedig aanhaal/spesifiek daarna verwys om punte te kry). **(6)**

4.4. Hoe sal u **voorlesing** en **paarlees** effektief gebruik tydens u les? **(4)**

4.5. Skryf neer wat u in die **Konsolideringsfase** gaan doen om vas te stel of leerders weet **hoe** om die gedig **hardop** voor te lees. **(3)**

4.6. Watter **evalueringsopdrag** is gepas vir hierdie les? **(2)**

[25]

VRAAG 5 (STILLEES)

5. Lees die teks **"Maak Afrika-brulpaddas goeie troeteldiere?" in Bylaag B.** U gebruik hierdie teks in een van u lesaanbiedinge vir u **Graad 7 Eerstetaalklas**. U moet 'n **stilleesles** aanbied waarin u **vluglees, soeklees**, asook **verkenlees** gebruik.

5.1. Skryf die **spesifieke vaardigheid** neer wat getoets word. **(1)**

5.2. By watter **interkurrikulêre kwessie (tema)** in die sillabus pas die gedig en teks in Bylaag A en B? **(1)**

5.3. Hoe sal u die **inhoudsverwysingsraamwerk/agtergrondkennis** van die leerder aktiveer om hom/haar te help om hierdie teks te **verstaan**? **(2)**

5.4. Verduidelik hoe u **oorsiglees/vluglees, soeklees en verkenlees** in hierdie les gaan doen. Dui ook aan in **watter fase van die lesaanbieding** u die leestegnieke gaan gebruik. **(6)**

5.5. U gaan u leerders help om **opsommingsvaardighede** te ontwikkel. In **watter fase** van die les sal u dit doen? Skryf die **opdrag** wat u vir u leerders gaan gee, neer en skryf ook die **memorandum.** **(4)**

5.6. Stel die volgende **vyf Blooms-vrae** uit Bylaag B op om verkenningslees te toets:

1 vlak een vraag (kennisvlak)

1 vlak twee vraag (begrip van feitekennis)

3 vlak drie vrae (toepassingsvlak, analisevlak, sintesevlak/evalueringsvlak)

Dui telkens aan **watter vraag is watter vlak.** By vlak 3 moet jy verder spesifiseer, bv. "toepassingsvlak". **(5)**

[19]

VRAAG 6 (LEESPROGRAMME)

6.1. Verduidelik wat jy verstaan onder "ontspanningslees". **(2)**

6.2. Word daar voorsiening gemaak vir **ontspanningslees tydens skooltyd? Motiveer** jou antwoord. **(2)**

6.3. **Op watter wyses** kan onderwysers ontspanningslees in die skole integreer? **(4)**

[8]

[TOTAAL: 100]

BYLAAG A (VRAAG 4)

'n Brulpadda in my tas

Deur Jaco Jacobs

1. Almal gil en skree,
2. daar's chaos in die klas;
3. al die bohaai net oor
4. die brulpadda in my tas.
5. Juffrou gil benoud:
6. VAT DADELIK WEG DAAI DING!
7. Waarom? Sy't dan gesê ons kan vandag
8. ons troeteldiere skool toe bring!
9. Die boelie bring in sy tas 'n slang
10. – daarmee maak hy ons almal BANG!

[Uit: *'n Brulpadda in my tas*, LAPA, 2008]

BYLAAG B (VRAAG 5)

Maak Afrika-brulpaddas goeie troeteldiere?

1. Afrika-brulpaddas is een van die grootste spesies paddas. Mannetjies van die spesie kan meer as 9 duim lank word en meer as 3 pond weeg! Mens kan maklik die fassinasie met hierdie groot amfibieë verstaan. Maak hulle egter goeie troeteldiere?
2. Die antwoord is 'n bietjie ingewikkeld. Hulle is relatief maklik om te versorg en is interessante wesens om waar te neem. Hulle haat dit egter om deur mense hanteer te word. Dit kan gevaarlik wees vir beide jou en die padda as jy hulle te gereeld hanteer.
3. As jy nie 'n praktiese troeteldier soek nie en dit geniet om amfibiegedrag waar te neem, dan is 'n Afrika-brulpadda dalk 'n goeie troeteldier vir jou.
4. Die Afrika-brulpadda staan ook bekend as die Pixie-padda. Hulle is een van die drie grootste paddaspesies op die planeet. Die mannetjie kan 9 duim bereik, terwyl wyfies gewoonlik net 4 duim bereik. In die natuur kom hulle regoor Afrika voor.
5. Hulle is karnivore wat enigiets sal eet wat beweeg, insluitend hul eie kleintjies. Hul dieet sluit insekte, knaagdiere, reptiele, voëls, visse en ander paddas in. Hulle het skerp tande en sterk kake.
6. Die brulpaddamannetjie is bekend vir sy ongelooflike harde gekwaak roep. As jy al ooit naby 'n moeras was waar 'n brulpadda woon, is jy waarskynlik vertroud met die weergalmende gebrul van hul roep. Die Afrika-brulpadda maak dieselfde soort geluide as baie ander brulpaddas.
7. Hulle bring die grootste deel van hul lewe in die natuur deur en broei in die grond tussen lae van hul eie voorheen afgestorte vel. Hulle kom gewoonlik net gedurende die reënseisoen uit hul ondergrondse heiligdomme te voorskyn. Dit is wanneer teling ook plaasvind.
8. Hulle hou nie daarvan om hanteer te word nie, en dit kan selfs hul delikate vel beskadig. Hulle is nie van nature aggressief nie, maar hulle het die vermoë om hulself te beskerm as hulle bedreig voel.
9. As jy 'n Afrika-brulpadda as troeteldier het, moet jy hul ruimte en behoefte aan eensaamheid respekteer. As hulle rus, grawe of wegkruip, moet jy hulle nooit steur nie, want dit kan skadelik vir hul gesondheid wees.
10. Wanneer dit behoorlik versorg word, kan Afrika-brulpaddas vir meer as 30 jaar in aanhouding lewe. As jy van plan is om een as 'n troeteldier te hê, moet jy bereid wees om vir 'n lang tyd vir hulle te sorg!

[Bron: Aangepas en verwerk uit *Petlovers-guides.com*, 2025]